basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B √ | (1) |
| | 1.1.2 | A√ | (1) |
| | 1.1.3 | D√ | (1) |
| | 1.1.4 | B√ | (1) |
| | 1.1.5 | C√ | (1) |
| | 1.1.6 | A√ | (1) |
| | 1.1.7 | C√ | (1) |
| | 1.1.8 | C√ | (1) |
| | 1.1.9 | B√ | (1) |
| | 1.1.10 | D√ | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | G√ | (1) |
| | 1.2.2 | E√ | (1) |
| | 1.2.3 | D√ | (1) |
| | 1.2.4 | F√ | (1) |
| | 1.2.5 | C√ | (1) |
| | 1.2.6 | A√ | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | Siddhartha Gautama√√ | (2) |
| | 1.3.2 | Kalief√√ | (2) |
| | 1.3.3 | Brahmaan/Smartas√√ | (2) |
| | 1.3.4 | Anglikaans√√ | (2) |
| | 1.3.5 | Waarsêers/Izangoma/Amagqirha √√ | (2) |

1.4 1.4.1
- Dit is 'n geloof in baie opperwesens.√
- Dit kan ook baie manifestasies van een God beteken. √ (2)

1.4.2
- 'n Plaasvervanger vir godsdiens√
- Dit is 'n stelsel of 'n stel gelowe/oortuigings.√
- Waardes en opinies wat die manier waarop 'n mens of 'n groep optree en dink, bepaal. √
- Dit is die wetenskap van idees. √ (2)

1.4.3
- Hulle glo dat 'n wese oor en oor in 'n volgende lewe gebore word.√
- Die hergeboorte van die siel of gees in 'n nuwe liggaam. √ (2)

1.4.4
- Dit is die aanvaarding van dinge soos wat dit is.√
- 'n Mens in Nirvana kan besluite en keuses maak, nie uit emosionele verwarring en lyding nie, maar uit 'n posisie van weet wat die gevolge van sy of haar dade sal wees. √ (2)

1.4.5
- 'n Klein godsdienstige groepie. √
- Dit word deur hoofstroomgodsdiens as afwykend van die oorspronklike leringe/leerbeginsels beskou. √ (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | 1.5.1 | Onwaar, √ joga is 'n geestelike dissipline wat asembeheersing, eenvoudige meditasie en spesifieke liggaamshoudings insluit. √<br>Die Doop is 'n sakrament waar 'n bekeerde 'n volwaardige lid van 'n spesifieke Christengemeenskap word. | (2) |
| | 1.5.2 | Onwaar,√ by Taoïsme is spontaneïteit en buigsaamheid die kenmerke van die pad waarlangs die heelal reis.√ | (2) |
| | 1.5.3 | Onwaar,√ die Tien Gebooie is aan Moses onthul. | (2) |
| | 1.5.4 | Waar.√√ | (2) |
| | 1.5.5 | Onwaar,√ dit is 'n heilige teks van die Heiliges van die Laaste Dae.√<br>Onwaar, die heilige teks van die Bahá'i-geloof word Kitab-i-Aqdas genoem. | (2) |
| 1.6 | 1.6.1 | • Dit is 'n stel godsdienstige gelowe/oortuigings of beginsels. √<br>• Dit is 'n ander woord vir 'lering/leerbeginsel'. √<br>• Dit verskaf die sentrale verwysingsraamwerk vir 'n godsdiens. √ | (2) |
| | 1.6.2 | • Dit kom van die Griekse woord, 'mythos', wat 'woord' of 'fabel' beteken.√<br>• Dit is daardie godsdienstige stories waarin groot waarhede oor die lewe onthul word.√<br>• Dit is heilige stories wat verduidelik waarom die wêreld is soos dit is en die aard van die menslike ervaring/ondervinding. √ | (2) |

**TOTAAL AFDELING A 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Verskil is die teenoorgestelde van eendersheid/ooreenkoms.
- Dit kan gebruik word om tussen spesifieke godsdienste te onderskei.
- Voorbeeld: Christene glo dat die Messias alreeds na die wêreld toe gekom het terwyl diegene wat die Joodse geloof aanhang steeds op die Messias wag. (4)

2.1.2
- Leringe/Leerbeginsels kom van die werkwoord 'om te leer/onderrig', d.i. om kennis oor te dra.
- In die konteks van godsdiens, verwys dit na die oordra van kennis, waardes, gesindhede/houdings en norme.
- Leringe/Leerbeginsels kommunikeer die dieper betekenis van die wêreld en hoe die lewe werk.
- Leringe/Leerbeginsels beteken ook om stelselmatige inligting oor 'n onderwerp te gee.
- In sommige godsdienste is leringe/leerbeginsels hoogs betekenisvol terwyl dit in ander van minder betekenis is.
- Voorbeeld: Boeddhisme is baie minder geneig om klem te lê op stelselmatige lerings/leerbeginsels as die meeste Christelike groepe. (4)

2.1.3
- Dit is die weg van Hoër Waarhede.
- Dharma dui op die universele wette wat die kosmos onderhou die kosmos.
- Dit is ook die weg van die doktrines in die Boeddhistiese godsdiens.
- Dharma bevat die leringe/leerbeginsels van Boeddha.
- Dharma integreer sekere konsepte in hulle betekenis.
- Byvoorbeeld: Regverdigheid, deugsaamheid, moraliteit, geregtigheid, wette en pligte. (4)

2.1.4
- Sinkretisme is 'n staat waarin twee verskillende geloof-/oortuigingstelsels gekombineer word om een te vorm.
- Dit kan in die Inheemse Afrika-Kerke gevind word waar die Christelike godsdiens met die Afrika Tradisionele Godsdiens gekombineer word.
- Nog 'n voorbeeld is Sikhisme wat Hindoeïsme en Islam kombineer. (4)

2.1.5
- Dit is waar 'n volgeling glo dat slegs sy/haar beskouing van goddelikheid waar is.
- In hierdie geval glo die volgeling dat ander godsdienstige beskouings wat van syne/hare verskil, onwaar is.
- Byvoorbeeld in die Christelike godsdiens: Daar word geglo dat Jesus Christus die enigste EEN is wat die weg en die waarheid is en dat Hy self God is. (4)

2.2 2.2.1 Christendom

- Christene glo dat God Sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om die wêreld van sonde te red, sodat die mensdom vir ewig kan lewe.
- Christene glo dat Jesus God se Seun is.
- Christene glo en leer/onderrig dat Jesus uit die dood opgestaan het nadat Hy gekruisig is.
- Jesus is die enigste ware Messias wat God na die aarde gestuur het en dat Hy eendag weer sal kom. (6)

2.2.2 Taoïsme

- Volgens Taoïsme verwys goddelikheid na enige wese of voorwerp wat goddelik of god-agtig is.
- Die Tao waarvan vertel kan word, is die ewige Tao.
- Volgens Taoïsme kom alle dinge van bestaan/wees, en wees/bestaan kom van nie-wees/nie-bestaan.
- Alles bestaan uit twee dinge: Jin en Jang. (6)

2.2.3 Afrika Tradisionele Godsdiens

- In die Afrika Tradisionele Godsdiens is daar geen spesiale dag van aanbidding nie.
- Die klem is op praktyk.
- Individualisme word ontmoedig; dit word as onmenslik beskou (gemeenskaplike manier van lewe).
- Die morele orde in die Afrika Tradisionele Godsdiens word deur die konsep van ubuntu gekenmerk.
- Hulle glo aan voorvaders. (6)

2.3

- Uniekheid in 'n godsdiens help die lede om te verduidelik waarom hulle daardie godsdiens gekies het.
- Uniekheid help die lede om hulle geloof te versterk.
- Dit help lede ook om te identifiseer wie behoort en wie nie behoort nie.
- Uniekheid van verskillende godsdienste help om die groter samelewing met waardes en moraliteit te verryk.
- Uniekheid gee gelowiges redes oor waarom hulle godsdiens die 'beste' is.
- Dit verskaf die eienskappe wat elke godsdiens van 'n volgende een onderskei.
- Uniekheid versterk die eenheid van die lede in 'n spesifieke godsdiens. (12)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1

3.1.1
- Dit leer ons dat Suid-Afrikaners verenig kan wees, al het 'n apartheid verlede.
- Godsdiens moet nie 'n krag wees wat verdeeldheid saai nie.
- Dit blyk uit die feit dat groot getal godsdienste wat by die begrafnis geakkommodeer is.
- Ons moet nooit volgens ras verdeeld wees nie: ons moet mekaar as mense beskou.
- Dit word getoon deur die feit dat Kathrada met 'n wit vrou getroud was in 'n tyd toe huwelike oor die kleurgrens heen, onwettig was.
- 'n Persoon wat groot opofferinge vir die mensdom gemaak het, sal altyd erken en gerespekteer word.
- Dit is duidelik want baie politieke organisasies, rassegroepe en godsdienste het eerbied aan Kathrada betoon.
- Geen rassegroep moet 'n ander een domineer nie. Dit sal rasseharmonie bring

**LET WEL:** Ander relevante antwoorde moet aanvaar word. (12)

3.1.2
- Daar is uiterste respek en verdraagsaamheid vir godsdienstige verskille.
- Dit word getoon deur die feit dat 'n Anglikaanse Aartsbiskop by 'n Moslem-begrafnis gebid het.
- Baie godsdienste is verteenwoordig.
- Rasseverskille is oorkom.
- Rassestereotipes is uitgedaag aangesien Kathrada se vrou wit was en 'n aktivis in die vryheidsbeweging.
- Vryheid van spraak is eerbiedig.
- Ahmed Kathrada se wens dat die President van die land moet uittree, is hardop by die begrafnis gelees.
- Suid-Afrikaners onthou en eerbiedig die opofferinge wat een van Suid-Afrika se veterane in die vryheidstryd van ons land gemaak het.
- Dit is waarom die begrafnis deur mense van alle rasse en godsdienste bygewoon is.

**LET WEL:** Ander relevante antwoorde moet aanvaar word. (12)

3.1.3
- Daar is soveel negatiwiteit oor Suid-Afrika ten opsigte van sy ekonomiese en politieke uitdagings.
- Ten spyte hiervan het Ahmed Kathrada se begrafnis geïllustreer dat rasse- en godsdienstige verskille oorkom kan word.
- Solank daar hoop is, sal mense strewe na 'n beter Suid-Afrika.
- Alhoewel ons teen die oormag stry, is daar hoop dat ons hierdie uitdagings sal oorkom. (6)

3.1.4 **Voordele**

- Sosiale media gee opgedateerde inligting aan die publiek.
- Godsdienstige organisasies kan sosiale media gebruik om hulleself te bevorder.
- Verskillende godsdienste kan die media gebruik om hulle aktiwiteite aan te kondig, bv. Paasfeesvieringe by die Christelike geloof, Diwali-vieringe by Hindoeïsme.
- Individue kan ook hulle opinies oor verskillende aspekte van die lewe lug.
- Sosiale media help om te verseker dat boodskappe wat vir spesifieke dele van die gemeenskap bedoel is, diegene vir wie dit bedoel is, bereik.
- Hulle kan ook die media gebruik om boodskappe van hoop aan die hele nasie oor te dra. (6)

**Nadele**

- Dit kan radikale persoonlike menings bevorder wat belangrike godsdienstige kwessies negatief kan beïnvloed.
- Dit kan 'n doeltreffende instrument vir godsdienstige propaganda wees.
- Dit kan agteruitgaan van morele waardes in die samelewing veroorsaak aangesien kinders maklike toegang tot ongewenste materiaal kan kry.
- mense kan ook verslaaf raak aan die media en selfgesentreerde lewens lei. (6)

3.2

- Verslaggewers het dikwels nie die spesialis kennis om godsdienstige kwessies te interpreteer nie.
- Die media vertrou op generering van inkomste. Daarom doen hulle selektief verslag oor kwessies wat koerante sal verkoop.
- Redakteursbesluite word deur politieke belange beïnvloed.
- Adverteerders beïnvloed ook hoe godsdienstige kwessies in die media gedek word.

**LET WEL:** Ander relevante punte moet gekrediteer word. (8)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Kolonialisme is beleid of praktyk waar 'n welgestelde of magtige nasie beheer handhaaf oor ander lande/nasies.
- Volgens die uittreksel verwys die kolonialisme na wit mense se vat van grond sonder die toestemming van die inheemse inwoners.
- Kolonialiste het die grond gesteel onder die voorwendsel van godsdiens.
- Kolonialiste het godsdiens gebruik om inheemse mense te onderdruk (beheer).
- Kolonialiste het gebed en die Bybel gebruik om grond by die eienaars weg te neem. (4)

4.1.2 **JA**

- Die meerderheid Afrikaners in ons land is Christene.
- Dit is die invloed van Christen-sendelinge.
- Hulle besit egter nie die grond nie, hulle is soos buitelanders in hulle eie land.
- Die swartes, wat die meerderheid mense in Suid-Afrika vorm, word uit die ekonomie van die land uitgesluit omdat hulle geen grond het nie.
- Die meeste swart Suid-Afrikaners bly in informele nedersettings wat geen infrastruktuur het nie omdat die eienaarskap van die grond bevraagteken word.
- Die wit monopolistiese kapitaliste is die grondbesitters in ons land. Hulle het onwettige metodes gebruik om grond by inheemse swartes te vat.
- Die Christelike geloof is as 'n instrument gebruik om grond wat aan die Afrikane behoort het, te vat.

**NEE**

- Sendelinge het gekom om die Evangelie van Christus te versprei.
- Sendelinge het gesondheidsdienste ingestel.
- Hulle het ook onderwys/onderrig ingestel en skole gebou.
- Die wit man het tegnologie tot almal se voordeel gebring.
- Hulle het die ontwikkeling van inheemse tale gefasiliteer en die Bybel in verskillende Afrikatale vertaal.
- Dit wys dat hulle opreg met die bevordering van die godsdiens was.
- Die kwessie van grondeienaarskap is 'n komplekse een met party grond wat aan stamowerhede behoort.
- Individuele eienaarskap van daardie grond is nie toelaatbaar nie.
- Die regering is steeds besig om die grondeiskwessie te hanteer. (12)

4.1.3
- Intergodsdienstige dialoog verwys na die kommunikasie tussen twee of meer godsdienste.
- Intragodsdienstige dialoog vind plaas tussen twee of meer vertakkinge van dieselfde godsdiens.
- Intergodsdienstige dialoog vind plaas oor sake van gemeenskaplike belang en spesifieke kwessies waarby verskillende godsdienste betrokke raak indien nodig.
- Intragodsdienstige dialoog vind plaas wanneer die vertakkinge van dieselfde godsdiens betrokke raak by sake van gemeenskaplike belang en ander kwessies nodig is om bespreek te word.
- 'n Voorbeeld van intragodsdienstige dialoog is die dialoog tussen die Katolieke en Protestante vertakkings van die Christendom deur die Lutherse Wêreldraad.
- 'n Voorbeeld van intergodsdienstige dialoog is die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede wat in 1961 gestig is. (8)

4.2 **VOORBEELD 1: Naam van die Organisasie**

Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA)

**Prestasies:**
- Bring godsdienstige gemeenskappe, burgerlike samelewing, private sektor en regerings bymekaar.
- Sluit verskillende godsdienste in, bv. Afrika Tradisionele Godsdiens, Christelike godsdiens, Judaïsme, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en Bahá'i-geloof.
- Was in staat om hulle afvaardiging na die konflikgebiede toe te stuur.
- Hulle lede kon ook konflikterende groepe bymekaarbring om begrip en samewerking te bevorder.
- Die lede van hierdie organisasie kon deel van die wetgewende verkiesingsproses in Togo wees.
- Hulle kon uitruilbesoeke tussen landmynslagoffers en -oorlewendes uit Ethiopië, Suid-Soedan en Uganda organiseer.
- Hulle kon ook deelneem aan die Wêreld- Sosiale Forum wat in 2007 in Kenia gehou is.
- Hulle het ook 'n afvaardiging vroue na Noorse lande gestuur.
- Hulle het die IFAPA-vrouenetwerk suksesvol gestig.
- Hierdie organisasie kon die Nakanyonyi Youth Consultation Forum organiseer.

**VOORBEELD 2: Naam van die Organisasie**

African Women of Faith Network

**Prestasies:**
- Hulle kon 'n paar probleme in Afrika, soos armoede en siekte, oplos.
- Hulle het 'n belangrike bydrae tot die oplos van konflik in Afrika gemaak.
- Hulle het tot verandering en ontwikkeling in Afrika bygedra.
- Hulle was suksesvol met die hantering van armoede en 'n gebrek aan onderwys waarvoor vroue in Afrika-gemeenskappe te staan kom.
- Hulle het hard daaraan gewerk om vroue op te hef deur hulle vaardighede te leer en hulle finansieel te ondersteun.

- Hulle het ook hard gewerk om vroue oor hulle menseregte op te voed.
- Hulle het 'n belangrike bydrae tot die stryd teen die MIV-en-Vigs-pandemie te maak.
- Hulle het daarin geslaag om 'n belangrike bydrae tot vrede en geregtigheid in Afrika as 'n geheel te maak.

**LET WEL:** Ander Afrika-gebaseerde organisasies moet gekrediteer word. (16)

4.3 **Interfaith Action for Peace in Africa**

- Dit is 'n pan-Afrika niewinsgewende organisasie.
- Dit is in 2002 gestig.
- Hierdie organisasie is gestig om godsdienstige gemeenskappe regoor Afrika te verenig.
- Hierdie organisasie is ook gestig om samewerking tussen godsdienste te bevorder.
- Dit is ook geïnisieer om die pogings van verskillende godsdienste om vir vrede op die Afrika-kontinent te werk, te kombineer.
- Hierdie organisasie het sterk bande met die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika (ACRL).
- Die organisasie bestaan uit vroue van verskillende godsdienstige organisasies.
- Dit is gestig/gevorm sodat vroue 'n bydrae tot verandering en ontwikkeling kan maak.
- Die organisasie is gevorm om sosio-ekonomiese probleme in Afrika op te los.
- Die African Women of Faith Network is gestig om lede regoor die kontinent in te sluit. (10)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1
- Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WCRP) het in baie verskillende lande van die wêreld vertakkinge wat saamstaan teen die gebruik van godsdiens om geweld en menslike lyding te ondersteun.
- Die Europese Raad vir Godsdienstige Leiers, by die WCRP geaffilieer, het 'n ernstige beroep op alle godsdienstige leiers van alle gelowe gedoen om hulle bes te doen om die voortgaande geweld en terreur, wat in die naam van God uitgevoer word, te verwerp.
- Die WCRP en sy geaffilieerdes het sterk gereageer op die publikasie van spotprente wat deur Moslems as aanstootlik beskou word.
- Die Western Europe Interfaith Youth Organisation het deur die ontwikkeling van 'n intergeloofsnetwerk hulle doelwit bereik en 'n aktiewe rol gespeel in die vordering tot wêreldvrede.
- Daar word algemeen onder godsdienstige groepe aanvaar dat daar nou meer godsdienstige verdraagsaamheid as vantevore is as gevolg van die WCRP.

**LET WEL:** Ander relevante punte moet gekrediteer word. (8)

5.2
- In die Afrika Tradisionele Godsdiens plaas die beginsel van ubuntu die behoeftes van die gemeenskap bo die van die individu. Dit verseker goeie moraliteit, aangesien 'n mens nie ander mag leed aandoen nie.
- In die Christelike godsdiens praat die Tien Gebooie van skadelike optrede wat verbode is.
- Dit lei tot goeie moraliteit, bv. 'Jy moet jou medemens lief hê soos jouself'.
- Islam verkondig die volgende: 'And in their wealth and possession there was due share for the beggar and for one who is denied (goods).'/'In hulle rykdom en besittings was daar 'n deel wat die bedelaar en iemand wat ontsê is, toekom.'
- Hierdie lering/leerbeginsel moedig omsien na die armes aan deur middel van verpligte liefdadigheid.
- Volgens Boeddhisme word aanbidders geleer om hulle te weerhou van leuens vertel en om op 'n goedhartige en doelgerigte manier te praat.
- Volgens Hindoeïsme moet jy 'speak words that are truthful, pleasant, beneficial, and not causing distress or anxiety, as well as the study and recitation of scriptures – this is austerity of speech' ('woorde spreek wat eerlik, aangenaam, voordelig is wat nie stres en angs veroorsaak nie en jy moet die geskrifte bestudeer en resiteer – dit is soberheid van spraak') – BG 17.15.

**LET WEL:** Ander relevante punte moet gekrediteer word. (10)

- Daar was baie meer intergeloofsamewerking gedurende die apartheidsjare.
- Alle godsdienste het een gemeenskaplike vyand gehad, apartheid.
- As 'n imam tydens aanhouding gesterf het, het Jode, Christene, Hindoes en andere aan die verset deelgeneem, net soos hulle dit vir hulle eie mense sou gedoen het.
- Die Suid-Afrikaanse vertakking van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WCRP), gelei deur Rev. Frank Chikane en Aartsbiskop Desmond Tutu, het 'n belangrike rol gespeel.
- Verskillende godsdienste het gesamentlike gebedsamekomste gehou om vir goddelike ingryping te pleit.
- Godsdienstige eiendom, bv. kerkgeboue, is vir politieke samekomste gebruik.
- Godsdienstige gemeenskappe het openbare optogte teen apartheidswette gelei en daaraan deelgeneem.
- Anti-apartheidsgroepe het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, wat in 1968 gestig is, ingesluit.
- Die oproep van Islam is in 1984 gestig.

5.3
- Jode vir geregtigheid is in 1985 gestig. (12)

5.4 5.4.1
- Die konsep van godsdiensvryheid impliseer dat almal oral die vryheid van keuse het om oor God te glo wat hulle wil.
- Dit beteken ook dat mense nie gedwing kan word om na 'n ander godsdiens te bekeer nie.
- In Suid-Afrika geniet mense godsdiensvryheid en die Konstitusie verbied onregverdige diskriminasie. (4)

5.4.2
- Die konsep 'menseregte' bestaan glo al vir eeue lank.
- Menseregte verwys na die inherente menswaardigheid van mense.
- Menseregte is belangrik aangesien dit mense teen uitbuiting beskerm.
- Menseregte is belangrik aangesien dit die gelykheid van elke mens erken.
- Menseregte gee mense spesifieke regte en verantwoordelikhede. (4)

5.4.3

- In Suid-Afrika gebruik alle godsdienste die geleentheid wat deur die regering gegee word om aan staatsake deel te neem.
- 'n Voorbeeld hiervan is die NRLF (Nasionale Godsdiensleiersforum) wat advies gee oor sosiale uitdagings en godsdienstige sake.
- Katolieke en Moslems bid saam in 2016 in Durban om godsdienstige verdraagsaamheid godsdiensvryheid te toon.
- Pous Johannes Paulus II het ook die Palestynse en Joodse gemeenskappe besoek om oor godsdiensvryheid en verdraagsaamheid te preek.
- Die humanitêre organisasie Gift of die Givers is 'n intergodsdienstige organisasie wat liefdadigheidswerk in alle godsdienstige groepe doen.
- In konflikgebiede, soos Soedan, is godsdienstige organisasies betrokke om 'n oplossing te vind teen 'n regering wat menseregte misbruik.
- Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) stuur altyd afgevaardigdes as waarnemers na die meeste algemene verkiesings in Afrika.
- Alle godsdiens moedig hulle volgelinge aan om die lering/leerbeginsel te volg wat menseregte bevorder. (12)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**